

# NUUSBRIEF
# BRAUNVIEH
# NEWS LETTER

SEPTEMBER 2020

# NASIONALE BRAUNVIEH-VEILING



**24 SEPTEMBER 2020** OM 14:00

NAMPO PARK, BOTHAVILLE

**LIVE ONLINE**

## AANBOD:

*12 SP bulle & 13 SP vroulike diere*

Onder die beskerming van die genootskap

| | |
|---|---|
| GWK Veilingskompleks: | 083 532 5227 |
| Schalk Erlank: | 082 558 6891 |
| Fanie Els: | 083 409 7381 |
| Hans Bester: | 083 469 1258 |
| Sampie Rossouw: | 082 312 7208 |

Download on the App Store

Google Play

Laai die GWK **Vee**winkel app af om te registreer en aanlyn te bie

NAMPO ALFA
Livestock, Hunting and Outdoor

GWK
**VEE**WINKEL

www.gwkveewinkel.co.za

# VAN DIE *President*

Geagte telers, wie sou kon voorsien aan die begin van die jaar dat 2020 een van die uitdagendste jare in ons bestaan sou wees. Voortslepende droogte oor groot dele van die land, die knellende ekonomiese klimaat, plaasmoorde en die Covid -19 pandemie het ‘n groot impak op ons almal.

Met groot omsigtigheid moes u as telers sowel as die raad van Braunvieh SA besluite, bestuurspraktyke en allerdaagse bestaan aanpas om staande te bly en te oorleef. In tye soos hierdie ervaar mens die Vader se genade en liefde op ‘n baie dieper vlak as wat normaalweg die geval mag wees.

Waar toestande ellendig lyk by tye, leer mens om met nuwe oë, begrip en denkwyses hierdie gevare tegemoed te gaan. ‘n Groot ligpunt in baie van ons as telers se bestaan is ons families en natuurlik die beminde Braunvieh beeste. Beeste wat ons al hoeveel kere moes aanhoor die mees onderskatte beesras in Suid-Afrika is. Tog kyk ons net in elkeen van u boerderye, staan mens verwonderd oor wat werklik in Braunvieh beeste steek. Koeie wat onder moeilike omstandighede produseer, dragtig raak en kalwers van uitstaande gehalte lewer. Baie van u kan getuig dat die dag met speen, staan u verstom as daar na die koeie gekyk word en sien hoe hulle tenkoste van hulself, kalwers lewer wat die skaal laat kreun, die kopers se oë vang en u as telers net weer verseker waarom u met hierdie ras boer.

Even though we could not function as visibly as other years, we still performed. Take a look at the judges / inspectors course that took place with great interest and enthusiasm. The animals that have won performance awards from SA Studbook / Vleissentraal, the Alfa / Veeplaas Show and ARC / Farmers Weekly awards, had one stunned.

I want to congratulate you as breeders, big and small, new and old. Thank you is a small word, but the Council of Braunvieh SA sincerely thanks you for your dedication, continued input and contributions to continue to make the Braunvieh breed still valid in such a competitive cattle industry.

In the field of auctions, the Council of Braunvieh SA would like to congratulate Gawie and Willem Naude on their excellent sale and record prices at their 2020 production sale.

Die Raad nooi alle telers, voornemende kopers en belangstellendes uit na die Nasionale veiling wat plaasvind op die 24ste September 2020 om 14:00 te Nampo Park tydens die Alfa geleentheid. Dit mag ‘n klein aanbod wees, maar die gehalte van die diere is hierdie jaar van hoogstaande gehalte.

Al kan Braunvieh SA nog nie die Algemene Jaarvergadering laat plaasvind vanweë die Covid 19 pandemie nie, kan die Raad terugvoering gee dat daar baie hard gewerk word. Die finansies is in orde, en elke raadslid is verbind om na die beste belang van u as telers om te te sien. Die Raad wil graag vir mev Liezel Grobler en mev Sonja Wasserman bedank vir al hul toewyding en ywer. U sal opmerk dat al hoe meer funksies in plek kom en die Raad is baie opgewonde oor alles wat vir die toekoms van die Ras beplan word.

2021 is weer ‘n Kampioenskapsjaar en u kan verseker wees dat baie beplan word. Die skou vind DV plaas op 28 en 29 April 2021 te Bloemfontein.

Geniet u boerderye, die liefde vir die Braunvieh Ras, maar bovenal die kameraadskap van elke teler in hierdie Ras, groot en klein, nuut en oud, asook die Nuusbrief!





*Sampie Rossouw*

Daar word dikwels gevra waarom DNS toetse vir telers belangrik is en veral hoekom beide ouers lief deel moet wees van die toetse.

# DNS tegnologie


## voeg groot waarde by tot 'n kudde

**DR. MUNRO MARX,**
Unistel Geneeskundige Laboratoriums

Korrekte teling en stamboekinligting is maar een van die talle voordele. Sulke inligting verseker dat kliente met vrymoedigheid bulle kan koop met die wet5e dat die teelwaardes betroubaar is en dat hulle kry waarvoor hulle betaal.

DNS is die genetiese "bloudruk" wat vanaf ouers na hul nageslag oorgedra word. 'n Kritiese beginsel wat onthou moet word, is dat 50% van genetiese inligting deur elke ouer bygedra word, dus 'n 50:50 verdeling. Binne alle DNS molekules is daar streke wat bekend staan as kort tandem herhaling, STR merkers. Hierdie "DNS-gemors" het niks met gene te doen nie en tree as spasieerders tussen en binne gene op. Hierdie streke kan dus tussen diere verskil en kan dus as 'n tipe "vingerafdruk" dien wat uniek is vir elke dier.


Onder is 'n voorbeeld van herhalende mikrosatelliet DNS-volgordes waar N die aantal tandem volgordes aandui (N=10 en N=13).




DNS mikrosatelleitmerkers wat vir ouerskapbevestiging by beeste gebruik word, kan baie verskillende alleel variasies per merker hê (20 tot 30). Dit is juis hierdie variasie wat die DNS mikrosatellietmerkers so bruikbaar maak vir teelbevestiging en vaderskaptoetse.

| | Progeny ID | |
|---|---|---|
| **Tag No:** | | |
| **Lab No:** | | |
| TGLA227 | 77 | 89 |
| BM2113 | 133 | 135 |
| TGLA53 | 154 | 182 |
| ETH10 | 215 | 217 |
| SPS115 | 248 | 260 |
| TGLA126 | 113 | 115 |
| TGLA122 | 143 | 151 |
| INRA23 | 206 | 210 |
| ETH3 | 115 | 115 |
| ETH225 | 148 | 148 |
| BM1824 | 180 | 180 |
| CSRM60 | 92 | 104 |
| CSSM66 | 179 | 185 |
| BM1818 | 260 | 262 |
| ILSTS006 | 292 | 298 |

Vaderskaptoetse en teelbevestiging berus daarop dat elk van 'n ouerspaar een volledige DNS-string tot die nageslag bydra. Dus, indien 'n spesifieke DNS-merker (ook genoem allele) by 'n kalf teenwoordg is, maar nie by enige van die genomineerde ouers, dan is daardie ouer of ouerpaar uitgesluit as die biologiese ouer van die kalf. Om teling te bevestig, is dit baie belangrik om beide die moeder en moontlik die vaar te toets. Slegs bevestiging van die vaar kan foutiewe inligting verskaf soos onder grafies voorgestel word.



'n DNS-profiel word tans saamgestel uit elf (11) verskillende mikrosatelliet DNS merkers en soos onder vanaf die analise weergee.

unistel®

Medical Laboratories





## THE ULTIMATE GENETIC SERVICE LABORATORY FOR:

- 50K Illumina Bovine Beadchip plus 2000 SNP traits and disorder assessment

**IDENTITY:**

- DNA-Profile and Parentage

**GENOMICS:**

- Genetic – and other conditions:
- Pompe's disease
- Freemartinism
- Trichomonas Foetalis
- Bulldog syndrome (Dexter)
- 1/29-Translocation (cytogenetics)
- Congenital Myasthenic Syndrome (CMS)
- Myostatin (F49L-gene)

**CHARACTERISTICS**

- Coat Colour (Red)
- Polled
- Double Muscling

***More on request***

Tel: +27 (0)21 007 5617
E-mail: animals@unistelmedical.co.za

**www.unistelmedical.co.za**

Een moeder, drie moontlike vaars:

| Merker | A | B | C | D |
|---|---|---|---|---|
| Moeder | 86/112 | 150/164 | 202/206 | 224/260 |
| Kalf | 86/112 | 150/156 | 202/204 | 224/226 |
| Vaar 1 | 86/112 | 156/168 | 204/224 | 226/242 |
| Vaar 2 | 96/112 | 156/158 | 194/202 | 224/242 |
| Vaar 3 | 102/112 | 150/152 | 202/202 | 222/224 |

Al drie die moontlike vaars pas sonder die ma, MAAR sodra die ma se DNS profile ook gebruik word, kan SLEGS vaar 1 Geverifieer wordDit is gewens om ouerskapverifikasie met DNS-genotipes te doen. Die DNS-mikrosatelliettegnologie is tans die goue standaard en uiters betroubaar.

**Ten Slotte**

1. Die identifikasie van 'n dier se korrekte teling met behulp van DNS tegnologie maak veelvaarteling 'n werklikheid.
2. Bevestiging van 'n suksesvolle KI program en opvolgbulle is moontlik.
3. Die korrekte vaar word aan spesifieke nageslag gekoppel.
4. Bewys van korrekte telings verseker dat die korrekte nageslag gepril word.
5. Korrekte teelwaardes verhoog die genetiese en ekonomiese waarde van 'n bul.
6. Korrekte ouerskap- en stamboominligting verseker betroubare katalogus-inligting en verseker dat daar aan die vereistes van die Verbruikerswet voldoen word.
7. Korrekte stambome verseker die integriteit van die teler en die inligting deur die teler voorsien.
8. Bewese teling verseker korrekte en akkurate stambome wat weer op sy beurt akkurate teelsyfers moontlik maak en die transisie na genomika versnel en vergemaklik.

Nasionale
KAMPIOENSKAPPE
2021



Braunvieh SA se Nasionale Kampioenskappe vind plaas op 28-29 April 2021 in die Santaring. Dit beloof om weer 'n spog geleentheid te wees met heelwat borge wat reeds bevestig het dat hulle deel gaan wees van die skou.

# Ses van die BESTE

## Big Six Genetics

Die Braunvieh ras is 'n besondere ras wat in uiterste omstandighede kan aanpas. Hul oorsprong uit die Switserse Alpe, waar hulle na verwys word as die 4 x 4 dubbeldoel ras, met baie koue toestande en hoë berge om te klim tot in die Karoo en Kahalari in Suid-Afrika in die Noord-Kaap waar die kwik baie hoog styg, bewys die aanpassingsvermoë van die ras.

Ses Braunvieh telers wat in hierdie harde toestande boer het besluit om saam te werk om hul kuddes te verbeter en die RAS, waaarvoor ons almal so lief is, te bevorder.

Ons hoor nou vir te lank ''Die Braunvieh is die mees onderskatte ras in Suid-Afrika'' en wil die stelling bewys.

Die groep bestaan uit Hampie van Zyl, Beaulieh in Dibeng Noord Kaap (Kathu in die Kalahari), 082 492 8123, Sampie Rossouw, Rossouws, Olifantshoek, Noord Kaap 082 312 72080, AB Rademeyer, Shalom, Petrusville, Karoo, Noord-Kaap, 083 282 3996, Ian & Ansie Botes Kristal, Boetsap, Noord-Kaap, 082 378 0934, Erik de Klerk, De Klerk Braunvieh, Vrystaat, 082 787 58590 en Andre & Annemarie Reitsma, JC Braunvieh, Boetsap, Noord-Kaap, 071 896 1466.

Braunvieh SA, die Genootskap en ander telers word en sal altyd EERSTE, BO ons eie Stoeterye en doelwitte gestel word en die groep sal onder Braunvieh SA inskakel en bedryf word.

So is van ons doelwitte:

- ''As jy nie iets goeds te sê het oor 'n ander stoet nie, sê jy niks''.
- Bulle en vroulike diere wat verkoop word MOET aan die Braunvieh Ras standaarde voldoen.
- Moontlike probleme wat kopers mag ervaar waar diere van 'n teler gekoop word, mag na die groep verwys word vir oplossings indien die probleem nie tussen koper en verkoper opgelos kan word nie.
- Elkeen van ons SAL ten minste een bul en 'n vroulike dier beskikbaar stel vir die volgende Nasionale veiling. Die Groep wil dus ten minste ses bulle en ses vroulike diere beskikbaar stel vir 2021 se Nasionale veiling.
- Geharde diere wat in die veld grootword en slegs voor 'n veiling afgerond word sal aangebied word op veilings.
- Diere sal gepunt word en minimum vereistes sal gestel word waaraan die diere moet voldoen alvorens hulle onder die BIG SIX Genetics se naam verkoop mag word. Hetsy op 'n veiling of uit die hand op die plaas.
- Daar gaan gesamentlik, so ver moontlik, aan Fase C toetse deelgeneem word.
- Daar sal gesamentlik aan Fase D toetse deelgeneem word.

Die gedagte vir beter samewerking het ontstaan toe vier van ons elk twee bulle ingeskryf het by Vryburg se Fase C toets wat nou begin het. Dit is Shalom met twee bulle geteel uit Triple H, De Klerk met 'n bul geteel uit Razer en 'n bul geteel uit Luitenant, Kristal met 'n KI bul geteel uit Aurora Dollar van Namibië en een geteel uit Zeus en JC met 'n KI bul geteel uit Markus 8 en een geteel uit Zeus.



*'n Voorbeeld van die genitaka wat deur JC Braunvieh van die Big Six Genetics groep gebruik word. Die saad van Aurora Dollar is van die Aurora stoet in Namibië ingevoer*

'n Moontlike fase D word ondersoek en hier het Beaulieh twee bulle, De Klerk vier bulle, Rossouws een bul, Kristal twee bulle en JC vier bulle met 'n totaal van dertien bulle.

A First in Braunvieh SA history is the creation of a LINK to our Facebook. The purpose of this link is to bring the specific Phase C test to the rest of the Braunvieh family and the Beef community in South Africa in general to be followed. Videos, photos, two weekly weight results and the best performance bull for the two weeks will be showcase. Vryburg testing station will nominate the overall winner based on Average Daily Gain (ADG) and Feed Convection Ratio (FCR). We are planning to meet at the Vryburg testing grounds when the bulls are collected after the test and will invite all interested parties for a finger lunch and refreshments with a judge discussing the eight bulls. The final arrangements will be communicated at a later stage on the Facebook link. Feel free to follow the bulls on www.facebook.com/BIG6Genetics and to invite all interested parties to join.

# `n Eerste vir Vryburg

## 6 Braunvieh bulle van 3 telers in 1 toets

MELVILLE FERREIRA
LNR-Diereproduksie, Tel 012 672 9499, E-pos: ferreiram@arc.agric.za

Gedurende 2019, was daar 3 telers wat saam 6 bulle in ‘n Fase C toets ingeskryf het. Dit was `n eerste vir Vryburg. By begin van aanpassing moet die bulle tussen 151 – 250 dae oud wees. Die bulle se ouderdomme het gewissel tussen 202 – 244 dae en die toets periode was vanaf 18 Julie 2019 – 07 November 2019.

Die bulle het `n gemiddelde GDT (Gemiddelde Daaglikse Toenmae) van 1.937kg/dag en gemiddelde VOV (Voeromsetverhouding) van 5.68 gehad Ten tye wat die toets afgesluit het, was die 10 jaar “rollende” gemiddeld vir GDT 1.763kg/dag en VOV 6.15 vir Armoedsvlakte toetssentrum.

Die keuring is deur `n senior interras beoordeellaar behartig. Op grond van die bulle se prestasie het die bulle gesamentlik 2 Goud, 2 Silwer en 1 Brons meriete ontvang. Die bulle se skrotum omvang het gewissel vanaf 340mm – 365mm.

De Klerk Braunvieh se bul DEK180101- Rocket was gekies as die 2020 LNR Nasionale Spesiale Prestasietoetsklas toekenning vir die Braunvieh ras. Die bul wen ook die Farmers’ Weekly toekenning.

ARC • LNR

**Liggaams Mates**

*Nasionale Vleisbeesaantekening en -Verbeteringskema*

BRAUNVIEH SA

VRYBURG FASE C1 SENTRUM
POSBUS 14
VRYBURG
8600

Deelnemer No : 0545647MIX
Toets No : C12BBS201908
Datum Verwerk : 21/11/2019

| Dier Besonderhede | | | | Aangetekende Data | | | | | | Toets Resultate | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| ID No<br>Rek No | Ges | Vaar ID No<br>Rek No | Moer ID No<br>Rek No | Geb. Dat<br>Eind Dat | Oud | Geb. Gew.<br>Finale Gew. | Skouer H<br>Heup H | Liggaam Lengte | Skr Omt<br>Vel Dikte | SH/HH Aangepas | Liggaam L Aangepas | Skr Omt Aangepas | L/H Verh. |
| **CDH 180016**<br>0088833934 | M | CDH 170004<br>0085207454 | CDH 160002<br>0084027721 | 28/12/2018<br>07/11/2019 | 314 | -<br>474 | 1220 | 1480 | 370<br>12 | 1251 | 1518 | 365 | 1.21 |
| **DEK 180101**<br>0088647201 | M | CDH 170004<br>0085207454 | CDH 170001<br>0085211423 | 29/12/2018<br>07/11/2019 | 313 | -<br>465 | 1250 | 1490 | 350<br>15 | 1281 | 1529 | 347 | 1.19 |
| **JC 180025**<br>0088514724 | M | CDH 040008<br>0048585186 | JC 140012<br>0080702780 | 03/12/2018<br>07/11/2019 | 339 | -<br>453 | 1250 | 1490 | 360<br>12 | 1266 | 1510 | 359 | 1.19 |
| **JC 180027**<br>0088514732 | M | IBA 131331<br>0078611373 | JJH 090008<br>0068663699 | 16/12/2018<br>07/11/2019 | 326 | -<br>395 | 1170 | 1380 | 330<br>12 | 1193 | 1409 | 340 | 1.18 |
| **SWR 180030**<br>0087946455 | M | SWR 160017<br>0083553610 | SWR 130028<br>0078511870 | 16/11/2018<br>07/11/2019 | 356 | -<br>424 | 1240 | 1430 | 350<br>13 | 1245 | 1437 | 355 | 1.15 |
| **SWR 180031**<br>0088100425 | M | IBA 131331<br>0078611373 | DP 120213<br>0075912188 | 19/12/2018<br>07/11/2019 | 323 | -<br>431 | 1180 | 1400 | 360<br>13 | 1205 | 1432 | 364 | 1.19 |
| **Opsomming van Groep**<br>**Aantal Diere :** | **6** | | | | **329** | **0**<br>**440** | **1218**<br>**0** | **1445** | **353**<br>**13** | **1240**<br>**0** | **1473** | **355** | **1.18**<br>**0.00** |



*DEK180101- Rocket*



# Alfa Skou 2020

## Nutri Feeds Moneymaker-koeiuitstalling



Die kompetisie beoog om al die koeie wat die Moneymaker-titel verdien, in elke ras aan te wys en erkenning te gee. Diere met 'n geboorte-aanmelding vanaf 1 Januarie 2010 of later kwalifiseer vir die nominasie. Koeie mag dus nie ouer as 10 jaar wees nie. Elkeen van hierdie koeie ontvang 'n sertifikaat van erkening en die 5 koeie met die beste teelwaardes van die Moneymaker-lys van elke ras, word op die ere-rol van die kompetisie geplaas wat permanent by elke ALFA vertoon sal word. Breedplan, Stamboek en die LNR sal elke ras se kwalifiseerders aan die genootskap stuur op grond van die volgende kriteria: Meer as 8 kalwers gespeen (sy moes dus elke jaar gekalf het). Meer as 50% van beide manlike en vroulike nageslag moet in die ras opgeneem wees. Die koei moet self 'n teelwaarde bo die rasgemiddeld hê.

| IDENT | KUDDENAAM | DIERNAAM | GEBDATUM | EIENAARNR | KALFGEMAK | KALFGROEI | MELK | ONDERHOUD | VRUG-BAARHEID | KOEI-WAARDE | AANTAL_ KALWERS | AANTAL_ GESPEEN | AANTAL_OP-GENEEM | PERSENTASIE_ OPGENEEM |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| N 100004 | EDUAN | KELLY | 2010/04/14 | 678529 | 106 | 98 | 120 | 99 | 104 | 117 | 5 | 5 | 5 | 100 |
| HB 110015 | WITBEK | KARLI | 2011/08/17 | 554945 | 122 | 94 | 131 | 96 | 117 | 135 | 6 | 5 | 5 | 83 |
| N 110008 | EDUAN | JUMBOS LADY | 2011/03/30 | 557388 | 110 | 111 | 106 | 86 | 138 | 124 | 7 | 6 | 7 | 100 |
| N 100008 | EDUAN | KARIEN | 2010/05/21 | 680800 | 97 | 105 | 111 | 90 | 113 | 106 | 7 | 5 | 7 | 100 |
| N 110005 | EDUAN | STEPHANUS LIEFIE | 2011/03/15 | 557388 | 86 | 108 | 150 | 89 | 132 | 132 | 7 | 6 | 7 | 100 |
| N 100018 | EDUAN | KLEINNOOI | 2010/08/24 | 678529 | 97 | 97 | 114 | 98 | 92 | 100 | 8 | 6 | 7 | 88 |
| SWR 100009 | ROSSOUW`S | MINSES'S MARIA | 2010/10/18 | 566462 | 104 | 95 | 93 | 106 | 93 | 94 | 6 | 5 | 6 | 100 |

## Nutri Feed Vleisvers-prestasiekampioenskap



Hierdie kompetisie poog om 'n wetenskaplike alternatief vir konvensionele skoubeoordeling te skep. Die top 10 jong verse word op grond van prestasiedata binne elke ras deur SA Stamboek, Breedplan en die LNR (wie ookal die registrasie-owerheid of diensverskaffer van die betrokke ras is) aangewys. Die verse moet almal dragtig wees en jonger as 30 maande teen Sept 2020. Die top 10% verse op grond van bg word aan elke ras-genootskap gestuur wat dan die top 10 verse op grond van prestasiedata vir elke ras bepaal. Die onderskeie telers van die top tien verse in elke ras word versoek om 'n WhatsApp video in te stuur van elke vers. ('n Protokol van hoe die video's geneem moet word, sal aangestuur word). Hierdie verse word op grond van funksionele doeltreffentheid binne die ras beoordeel en 'n kortlys van 3 semi-finaliste sal deur 'n Nutri Feed verteenwoordiger besoek word vir die finale

beoordeling. Hierdie punt (50%) plus die prestasiemetings punt (50%), bepaal dan die Nurti Feed top prestasievers per ras. Let wel dat hierdie nie 'n interras-beoordeling is nie en dat verskillende rasse nie met mekaar vergelyk sal word nie. Elkeen van hierdie top 10 telers ontvang 'n sertifikaat van erkenning en die top 3 word op die ere-rol van die kompetisie geplaas wat permanent by elke ALFA vertoon sal word. Daar sal dus nie soos in vorige jare, drie verse van elke genootskap op die rerrein uitgestal te word nie.

| IDENT | KUDDENAAM | DIERNAAM | GEBDATUM | SPEENGEWIG | KALFGEMAK | KALFGROEI | MELK | ONDERHOUD | VRUG-BAARHEID | KOEIWAARDE | KUDDENR | EIENAAR | DORP |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| HB 180011 | WITBEK | KYLIE | 2018/08/23 | 270 | 106 | 105 | 111 | 92 | 114 | 117 | 554945 | JJ BESTER EN DOGTERS | VREDE |
| N 180028 | EDUAN | ROCKET VEER | 2018/10/15 | 246 | 110 | 100 | 105 | 105 | 104 | 116 | 557388 | EDUAN BOERDERY | BARKLY-OOS |
| HB 180016 | WITBEK | GRIET | 2018/09/20 | 245 | 103 | 108 | 108 | 90 | 120 | 114 | 554945 | JJ BESTER EN DOGTERS | VREDE |
| SWR 190015 | ROSSOUW`S | KUMARI`S CINNIE | 2019/05/06 | 230 | 101 | 99 | 120 | 102 | 100 | 114 | 566462 | ROSSOUW | OLIFANTSHOEK |
| N 180055 | EDUAN | ROCKET`S VIOLA | 2018/11/26 | 218 | 107 | 96 | 112 | 105 | 102 | 113 | 557388 | EDUAN BOERDERY | BARKLY-OOS |
| N 180012 | EDUAN | BISTO VANETTE | 2018/04/01 | 210 | 101 | 123 | 90 | 91 | 97 | 113 | 557388 | EDUAN BOERDERY | BARKLY-OOS |
| HB 180023 | WITBEK | KRISTIE | 2018/10/31 | 206 | 113 | 98 | 108 | 95 | 97 | 110 | 554945 | JJ BESTER EN DOGTERS | VREDE |
| SWR 190014 | ROSSOUW`S | KI-LY`S CUTHIA-LY | 2019/04/24 | 190 | 109 | 101 | 104 | 102 | 92 | 110 | 566462 | ROSSOUW | OLIFANTSHOEK |
| N 180017 | EDUAN | BISTO VANESSA | 2018/04/19 | 157 | 103 | 100 | 100 | 110 | 93 | 108 | 557388 | EDUAN BOERDERY | BARKLY-OOS |
| M 180004 | TSALACH | PRINCESS | 2018/08/06 | 220 | 105 | 104 | 105 | 95 | 101 | 108 | 636524 | TSALACH BRAUN-VIEH STUD | LUCKHOFF |
| N 180058 | EDUAN | BISTO VIERA | 2018/11/28 | 176 | 113 | 92 | 91 | 116 | 101 | 107 | 557388 | EDUAN BOERDERY | BARKLY-OOS |
| HB 190005 | WITBEK | AI-AI | 2019/03/07 | 230 | 112 | 96 | 94 | 104 | 111 | 106 | 554945 | JJ BESTER EN DOGTERS | VREDE |
| HB 180009 | WITBEK | MIA | 2018/08/14 | 265 | 85 | 121 | 95 | 97 | 103 | 106 | 554945 | JJ BESTER EN DOGTERS | VREDE |
| NW 180003 | VENTERSCRADLE | ROXIE | 2018/09/29 | 349 | 101 | 106 | 92 | 99 | 111 | 103 | 670488 | VENTERSCRADLE | MULDERSDRIFT |
| N 180062 | EDUAN | BISTO VYTJIE | 2018/12/02 | 202 | 93 | 106 | 99 | 103 | 104 | 102 | 557388 | EDUAN BOERDERY | BARKLY-OOS |
| N 180067 | EDUAN | SAINT`S VEERTJIE | 2018/12/08 | 203 | 101 | 100 | 110 | 91 | 110 | 102 | 557388 | EDUAN BOERDERY | BARKLY-OOS |
| N 180046 | EDUAN | BISTO VITA | 2018/11/15 | 204 | 94 | 114 | 97 | 91 | 95 | 101 | 557388 | EDUAN BOERDERY | BARKLY-OOS |
| HB 180019 | WITBEK | SATYN | 2018/10/07 | 259 | 85 | 110 | 103 | 96 | 114 | 101 | 554945 | JJ BESTER EN DOGTERS | VREDE |